

KONINKRYK

LES 42

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 DEEL (20 minute)

[STILTETYE]
JEREMIA 32, 33, 36 en 37

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jeremia 32, 33, 36 en 37). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute)

[GODS BRONNE]
REPETEER SERIE L

Repeteer twee aan twee serie L: “God se bronne”.

- (1) God se aanwesigheid. Hebreërs 13:5-6.** God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ’n mens aan my doen?”
- (2) God se Woord. Psalm 119:105.** U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.
- (3) God se krag. Jesaja 41:10.** Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.
- (4) God se wysheid. Jakobus 1:5.** As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.
- (5) God se genesing. 2 Kronieke 7:14.** As my volk oor wie my Naam uitgeroep is, berou toon en bid en vra na my wil en terugdraai van hulle bose weë af, sal Ek luister vanuit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) **[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]** **ROMEINE 13:1-14**

Inleiding. Romeine 12 tot 16 benadruk *die praktyk* en behandel *praktiese heiliging of heiligmaking*. Romeine 12 leer die verantwoordelikheid van die Christen ten aansien van sy liggaam en verstand (gesindheid) en met betrekking tot allerlei verhoudings. Romeine 13 leer die verantwoordelikheid van die Christen ten aansien van die gesagsinstelling, veral die owerheid, die verhouding tot sy naaste en die verhouding tot die koninkryke van duisternis en lig.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 13:1-14 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

13:1-7

Ontdekking 1. Die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot die verskillende gesagsinstellings.

(1) Die sewe instellings van God met betrekking tot gesag en onderdanigheid (Grieks: exousiai).

Die ANV vertaal “owerhede”, maar ’n beter vertaling is “die gesagsinstellings”. God het sewe gesagsinstellings gevestig waaraan alle mense op die aarde hulself moet onderwerp (Romeine 13:1-2):

God in Christus het gesag oor almal en alles (1 Korintiërs 11:3; Efesiërs 1:20-23; Kolossense 1:18). Hy is die Koning en het alle mag en gesag.

Die mens het gesag oor God se skepping: die land, die bome, plante en diere (Genesis 1:28; 2:15-16; Psalm 8:4-8).

Die man het gesag oor die vrou in die huweliksrelasie (Genesis 3:16; Efesiërs 5:22-24; Kolossenzen 3:18; 1 Petrus 3:1-6) en in die offisiële byeenkomste van die gemeente (1 Korintiërs 11:3; 14:33-35; 1 Timoteüs 2:11-14; 3:2-5).

Die ouers het gesag oor hul kinders wat nog onmondig is (Efesiërs 6:1-3; Kolossense 3:20).

Die owerheid van 'n land het gesag oor sy burgers (Romeine 13:3-7; 1 Petrus 2:13-17).

Die werkgewer het gesag oor sy werknemers (Efesiërs 6:5-9; Kolossense 3:22-4:1; 1 Petrus 2:18-23).

Die oudstes/ouderlinge van 'n gemeente het gesag oor die lede van die gemeente (Handelinge 20:28; 1 Tessalonisense 5:12; Hebreërs 13:17).

God het hierdie sewe gesagsverhoudings of instellings met betrekking tot gesag en onderdanigheid ingestel. Geen mens mag hierdie sewe instellings van gesag verander of daarteen ingaan nie. Alle gesagsverhoudings waaraan mense hul moet onderwerp, behalwe die eerste, het spesifieke, maar beperkte verantwoordelikhede en ook beperkte gesag.

(2) Die burgerlike owerheid.

Die Bybel bevat wel deeglik onderrig oor die owerhede in die wêreld. Paulus spreek hier oor die burgerlike owerheid, omdat hy praat oor “die owerheid wat nie sonder rede die swaard (Grieks: machaira) dra nie” (ANV: vertaal die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie) en oor “die gee van belasting en aksyns”. Hierdie onderwerp is belangrik omdat alle Christene in die wêreld lewe onder een of ander burgerlike owerheid.

In die brief aan die Romeine was dit ook belangrik, omdat in die Christelike Kerk te Rome 'n redelik groot aantal lede Joodse Christene was. Baie Jode in die tyd van Paulus het uitgesien na die afwerping van die Romeine juk en hul eie koning en regering te hê. Hulle wou graag politiek onafhanklik wees. Hulle wou hul eie koning en regering hê (Johannes 6:15; 8:33; Handelinge 1:6; 5:36-37). Al gedurende die eerste helfte van die eerste eeu n.C. was daar politieke opstande in die stad van Rome. 'n Romeinse skrywer, Suetonius, het geskrywe dat die keiser Claudius alle Jode in 49 n.C. uit die stad van Rome verban het vanweë aanhoudende Joodse relle opgehits deur 'n sekere “Chrestus” (sien Handelinge 18:2). Toe dit bevel opgehef is, het baie Jode na Rome teruggekeer. In 57 n.C. het die apostel Paulus geskrywe dat Christene hulle moes onderwerp aan die Romeinse owerheid omdat alle gesagsinstellings van God kom.

13:8-14

Ontdekking 2. Die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot sy naaste.

Romeine 13:8-14 leer dat praktiese heiliging of heiligmaking bowenal gekenmerk word deur die liefde en deur in die lig te lewe. “'n Lewe van liefde” is soos 'n daaglikse offer met 'n aangename (ANV: wat vir God aanneemlik is) geur aan God (Efesiërs 5:1-2). “'n Lewe van lig” beteken dat 'n mens uitvind wat vir die Here aanneemlik is, die vrugtelose praktyke van die duisternis aan die lig bring, transparant lewe en vrug dra wat bestaan uit al wat goed, reg en waar is (Efesiërs 5:8-14). Omdat die einde van die menslike geskiedenis en die voltooiing van die verlossing van Christene vinnig naby kom, is heiligmaking 'n baie ernstige saak!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 13:1-14 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

13:1-5

Vraag 1. Wat is die verantwoordelikheid van 'n Christen met betrekking tot gesagsdraers?

Aantekeninge.

(1) Onderwerping aan gesagsdraers wat deur God ingestel is, is 'n deel van heiligmaking.

“Om jou te onderwerp aan die gesagsdraers of gesagsinstellings (Grieks: exousiai) is 'n onderdeel van die wil van God wat vir Hom goed, en aanneemlik en volmaak is” (Romeine 12:2).

In die Nuwe Testament het die Jode al vrae gehad oor die regte van die Romeinse owerheid (Matteus 22:16-17; Markus 12:14; Lukas 20:21-22). Die Jode was geneig om hulle te roem in hul onafhanklikheid (Johannes 8:33). Ook was daar oproerbewegings onder die volk (Handelinge 5:36-37). Die sekulêre geskiedenis vertel oor die rusteloosheid van die Jode onder die Romeinse juk. Die Romeinse keiser Claudius het die Jode al in 49 n.C. uit Rome verban, waarskynlik as gevolg van hul teenstand en oproer (Handelinge 18:2).

Die Romeinse owerheid het die Christene met die Judaïsme en dus ook met die Joodse opstande geassosieer. Dit het 'n situasie geskep waarin dit nodig was om elke revolusionêre strewe en insubordinasie te vermy sodat die owerheid sy gesag kon bly uitoefen. Hierdie onderrig is ook gekant teen elke verdraaide idee oor “vryheid” onder Christene, veral omdat Christene glo dat ware vryheid gebondenheid aan die koningskap of heerskappy van die Here Jesus Christus is. Met die oog op die politieke werklikheid in Rome leer die apostel Paulus dat die verhouding van Christene teenoor die owerheid 'n onderdeel van heiligmaking is!

(2) Onderwerping aan gesagsdraers (of gesagsinstellings) is nie sonder grense nie.

Enersyds leer die Nuwe Testament die verpligting van Christene teenoor gesagsdraers. 1 Timoteüs 2:1 sê dat Christene moet bid vir alle mense wat gesagsposisies beklee. Titus 3:1-2 leer dat Christene hul moet onderwerp aan die mense wat gesagsposisies beklee deur gehoorsaam te wees, goeie werke te doen en niemand te belaster nie.

Andersyds leer die Nuwe Testament dat die owerhede in die wêreld dikwels die Christene vervolg omdat hulle die evangelie verkondig (en mense oproep om hul te bekeer, te verander) en arm, hulpelose en verdrukke mense help. Daarom moes die Bybel 'n duidelike lyn trek tussen ongehoorsaamheid aan gesagsdraers wat met onreg heers en gehoorsaamheid aan gesagsdraers wat met reg heers. Jesus Christus het Christene tot beide lojaliteite verplig!

Ongehoorsaamheid aan die owerheid word in Handeling 4:19-20 en 5:29 geleer en gehoorsaamheid aan die owerheid word in Romeine 13:1-7 geleer! Christene moet die owerheid gehoorsaam in alles wat nie teen die bevel of onderwysing van die Bybel ingaan nie. Maar wanneer die owerheid sy bevoegdheid oortree en van Christene eis dat hulle dinge doen wat God verbied, of dinge verbied wat Christene beveel word om te doen, dan moet Christene die eise van die owerheid op 'n respekvolle wyse weier. As daar 'n konflik is tussen wat mense in gesagsposisies eis en wat God beveel, dan geld die bevel van die apostel Petrus in Handeling 5:29, “'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!”

13:6-7

Vraag 2. Wat is die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot belasting betaal aan die owerheid?

Aantekeninge.

(1) Christene moet belasting aan die owerheid betaal.

Omdat mense in die owerheid werk en ook moet eet en leef, moet hulle finansiële ondersteun word. Hulle doen goed aan die onderdane, gee onderwys, handhaaf die wet en orde en bou stede, strate, parke, ens. Hulle stry teen korrupsie en kriminele, straf die kwaaddoeners en sorg vir die siekes, die onderdrukte en die armes. Die owerheid het geld nodig om al hierdie goeie dinge te doen. Daarom beveel God mense, ingeslote Christene om belasting te betaal.

Belasting word gehef op mense of op verworwe besittings (Lukas 20:22-25). Tol word gehef op saaklike transaksies, invoer en uitvoer. Die hef van belasting en tol deur die owerheid is nie dieselfde as die oplê van laste deur onderdrukkers en tiranne nie, maar is die juiste manier om deel te neem aan die taak van die owerheid.

(2) Christene moet respek toon aan die owerheid.

Christene het die plig, nie alleen om belasting en tol aan die owerheid te betaal nie, maar ook om mense in gesagsposisies respek en eer te betoon. Christene behoort respek te toon aan alle mense en seker aan mense in gesagsposisies wanneer hulle hul take goed uitvoer.

Maar nie alleen burgers is verplig om die owerheid te ondersteun, te respekteer en te eer nie, maar ook die owerheid het die plig om hul taak uit te voer in ooreenstemming met die wette en standaarde van God. Geen owerheid en geen mens in 'n gesagsposisie het die absolute mag nie, omdat hulle almal hul verantwoordelikheid en gesag van die God van die Bybel ontvang! Daarom moet alle owerhede in die wêreld en alle mense in gesagsposisies nou al verantwoording aflê hoe hulle hul verantwoordelikhede (take) uitvoer.

Op die laaste oordeelsdag sal alle mense verantwoording aflê voor God: die gesagsdraers in die owerhede sal verantwoording aflê oor hoe hulle hul gesag uitgeoefen het en die onderdane sal verantwoording aflê oor hoe hulle hul onderwerp het. Alle mense sal verantwoording aflê oor die belasting en tol wat hulle wel of nie betaal het en oor die respek en die eer wat hulle wel of nie getoon het.

13:6-7

Vraag 3. Wat is die betekenis van die woord “wet” in die brief aan die Romeine?

Aantekeninge.

(1) Die verskillende betekenisse van die woord “wet”.

Paulus gee baie onderrig oor die wet. Let wel dat Paulus die woord “wet” verskillende betekenisse gee.

Die wet is God se absolute regseis met betrekking tot verlossing en oordeel. Die wet is God se absolute vereiste of voorwaarde vir die geregtigheid en heiligheid (verlossing) en vir die veroordeling (verdoemenis). Omdat die God van die Bybel 100% regverdig en heilig is, vereis Hy dat alle mense 100% regverdig en heilig moet wees en dat alle

oortredinge 100% veroordeel en gestraf moet word. Die regseis van God het betrekking op die posisie van die mens teenoor God.

Die wet van God is aan alle mense in die wêreld en in die geskiedenis geopenbaar (Romeine 1:19-20; 2:14-15). Mense weet dat wie die wet van God oortree, die dood verdien (Romeine 1:32). Alle mense sal geoordeel word na hul werke in die lig van wat hulle oor die wet van God weet (Romeine 2:12). Elk mens leef in die sfeer waarin die wet van God geld en beteken is. Die wet van God veroordeel alle mense as skuldig, sluit elke mond wat teëweringings maak, verklaar die hele wêreld doemwaardig voor God en kan onmoontlik iemand regverdig maak of verlos (Romeine 3:19-20).

Die Tien Gebooe. Die wet van God is God se absolute vereiste of voorwaarde vir heiligmaking (om 'n heilige lewe te lei). Die woord "wet" word ook gebruik om die morele wet of die Tien Gebooe aan te dui en het sodoende die volgende twee funksies:

Die eerste funksie van die morele wet van God is dat dit die sondige natuur van die mens tot lewe wek (aktiveer) (Romeine 7:8-9). Los van die morele wet is die sonde in die sondige natuur van die mens "dood" of onaktief. Die wet van God openbaar wat reg en wat verkeerd in God se oë is. Wanneer 'n mens bewus nadink oor die morele wet van God of die Tien Gebooe, dan kom die sondige natuur in die mens tot lewe en word baie aktief. Dit gebeur gewoonlik kort vóór, tydens en nádat hierdie mens tot bekering kom.

Die tweede funksie van die morele wet van God is dat dit die geregverdigde (verloste) mens (die Christen) leer hoe hy die geregverdigde (verloste) lewe moet lewe, d.w.s., hoe hy die lewe van liefde moet lewe (Romeine 13:8-10).

Die Ou Testament. Die wet van God bestaan in geskrewe vorm in die Ou-Testamentiese Geskrifte. Die wet van God is die Boek van die Ou Testament, omdat dit die besondere openbaring van God, sy woorde, sy dae, sy wil en al sy vereistes bevat. Voorheen het alleen die Jode hierdie besondere openbaring van God ontvang (Romeine 2:12). Die Ou Testament openbaar al dat die geregtigheid van God nie deur die werke van die wet, maar deur geloof (in die Messias en sy volbragte verlossingswerk) verkry kan word (Romeine 3:21-22; 4:3-8). Vandag is die Ou Testament en die Nuwe Testament beskikbaar vir sowel Jode as nie-Jode.

(2) Die indeling van die wet.

Die wet kan in drie onderdele verdeel word:

Die morele wet. God se vereistes hoe mense moet lewe word in sy morele wette uitgedruk. Hieronder val die Tien Gebooe en alle andere morele wette in die Bybel. Die morele wet bly geldig gedurende die Nuwe-Testamentiese periode!

Die seremoniële wet. God se vereistes hoe die Jode gedurende die Ou-Testamentiese periode tot God moes nader, met Hom moes omgaan, Hom moes aanbid en dien was in die seremoniële (rituele) wette uitgedruk. Dit het bestaan uit wette met betrekking tot die heilige mense (priesters en Leviëte), die heilige plekke (tabernakel en tempel), die heilige tye (Sabbatte, vastedae en godsdienstige feesdae) en die heilige handeling (die offerandes, die besnydenis, rein voedsel, die wassing, die eersteling, die eersgeborenes, die tiendes, die vrywillige gawes). Die seremoniële wette is by die eerste koms van Jesus Christus *vervul* (Matteus 5:17), *opgehef* (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* (Efesiërs 2:14-15). Die seremoniële wette mag nie weer in die Christelike Gemeente geïntroduseer word nie!

Die burgerlike wet. God se vereistes hoe die Jode gedurende die Ou-Testamentiese periode moes funksioneer as God se teokratiese volk, Israel, is in die burgerlike wette van Israel uitgedruk. Dit het bestaan uit die wette met betrekking tot konings, regters, oorloë, die eiendomsreg en die strafreg. Omdat die teokratiese koninkryk van Israel oorgegaan het in die koninkryk van God wat alle volke omvat, is die burgerlike wette van Israel vervang deur die waarhede van die koninkryk van God soos dit geleer word in die gelykenisse van Jesus Christus en die Bergrede (Matteus 5 tot 7).

13:8-10

Vraag 4. Wat is die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot sy naaste?

Aantekeninge. Romeine 13:8 sê: "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit." Die nadruk in hierdie Bybelgedeelte is nie om geen finansiële skulde te maak nie, maar eerder dat elke Christen verplig is sy naaste lief te hê. Romeine hoofstuk 13 leer ook dat jou naaste liefhê 'n onderdeel is van heiligmaking.

(1) Jou naaste liefhê is 'n voortdurende plig van 'n Christen.

Liefde word nie beskou as 'n skuld wat 'n Christen nog nie betaal het nie. Liefde word ook nie beskou as 'n onophoudelike skuld wat 'n mens nooit ten volle kan betaal nie. Paulus herinner die Christene dat die liefde 'n voortdurende verpligting is.

(2) Jou naaste liefhê is 'n vervulling van die wet.

"Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit." In hierdie Bybelgedeelte gebruik Paulus die woord "wet" in die sin van die morele wet van God wat in die Tien Gebooe saamgevat word. Paulus haal vier van die tien gebooe aan. Dit beteken dat die Tien Gebooe voortdurend relevant vir die Christen bly. Dit gee voorbeelde van wat liefde werklik is. Die Tien Gebooe leer Christene hoe hulle moet lewe, d.w.s., hoe hulle liefde in praktyk moet bring en so God behaag. "Die hele wet uitvoer" beteken dat sonder die liefde geen enkele wet uitgevoer (letterlik: vervul) kan word nie!

Die Tien Gebooië kan nie sonder liefde uitgevoer word nie! Alleen deur die liefde wat God vereis en ook gee, kan die vereistes van God volkome vervul word.

(3) Jou naaste liefhê, beteken om nie teen jou naaste te sondig nie.

Die meeste van die Tien Gebooië staan in die negatiewe vorm: “Jy mag nie ...!” (moord pleeg nie, egbreuk pleeg nie, steel nie, vals getuigenis gee nie, begeer nie, ens.) Maar die wet van die liefde word in die positiewe vorm gestel: “Het jou naaste lief!” Dus het die liefde sowel negatiewe as positiewe aspekte. Jy het lief wanneer jy bepaalde dinge NIE doen nie en jy het lief wanneer jy bepaalde dinge WEL doen. Terwyl die Ou Testament die negatiewe benadruk – wat Christene nie mag doen nie, benadruk die Nuwe Testament die positiewe – wat Christene wel moet doen.

Die liefde verontagsaam nooit die werklikheid van die sonde nie! ’n Ware Christen kan nie aanhou met sonde doen en dan nog liefhê nie. 1 Tessalonisense 5:22 sê dat die ware Christen “weg bly van alles wat sleg is”. Romeine 13:10 sê: “Die liefde doen die naaste geen kwaad nie.” Die ware liefde sal geen enkel aspek van die lewe van sy naaste vernietig nie. Die ware liefde sal sy naaste nooit in enige vorm van seksuele immoraliteit betrek nie. Die ware liefde sal die besittings van sy naaste nie steel nie. Die ware liefde sal nooit leuens teen ander vertel nie. Die ware liefde sal niks wat van sy naaste is, begeer nie. Die Tien Gebooië is in die negatiewe vorm geskrywe, omdat die ware liefde nooit die werklikheid van die sonde negeer nie. Ook die ware liefde in 1 Korintiërs 13:4-6 word in negatiewe terme uitgedruk, bv. “die liefde is nie jaloers nie”.

(4) Jou naaste liefhê beteken om positiewe aksie na jou naaste te onderneem.

“Om jou naaste lief te hê soos jouself” is ’n bevel in die positiewe vorm. Die ware liefde vermy nie alleen die sonde nie, maar keer die negatiewe gebod om tot die positiewe gebod! Byvoorbeeld, die liefde beskerm op aktiewe wyse sy naaste teen elke vorm van seksuele immoraliteit. Die ware liefde bevorder op aktiewe wyse die liggaamlike, emosionele, sosiale, intellektuele en geestelike welsyn van sy naaste. Die ware liefde respekteer die besittings van sy naaste. En die ware liefde verheug hom oor en waardeer alles wat sy naaste presteer. Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie, maar doen die naaste goed!

13:13-14

Vraag 5. Wat is die verantwoordelikheid van die Christen met betrekking tot die ryk van die duisternis en die ryk van die lig?

Aantekeninge.

(1) Christene moet die beslissende tydstip ken.

Romeine 13:11 sê: “Omdat julle weet hoe laat dit is (letterlik: die beslissende tydstip weet). Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word. want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot geloof gekom het.” Die woord “tydstip” (Grieks: kairos) verwys na *die teenswoordige tyd* in die lig van *die eindtyd gebeurtenisse*. As ons kyk na die teenswoordige gebeurtenisse, merk ons dat hulle jaag na die eindtyd en die wederkoms van Christus, die laaste oordeel en die vernuwing van alle dinge op die aarde! En Romeine 13:12 sê, “Die nag is byna verby; dit is amper dag.” “Daardie dag” is die laaste oordeelsdag.

(2) Christene het ’n verpligting om alles wat met die duisternis te make het uit te trek en alles wat met die lig verband hou aan te trek.

Volgens die Bybel is “die teenswoordige tyd wat aan die komende tyd (die wederkoms van Christus) voorafgaan, sleg”. Daarom moet Christene die teenswoordige tyd altyd in die lig van die komende tyd beskou en heilig lewe. Romeine 13:12 sê letterlik, “Laat ons *eens en vir altyd* (aoristus) die werke van die duisternis aflê (Grieks: apothémi) (aanvoegende wys) (ANV: ophou met); en laat ons *eens en vir altyd* (aoristus) die wapens van die lig aandoen (Grieks: enduó) (aanvoegende wys) (ANV: opneem)”. Die geloof in die wederkoms van Jesus Christus is die rede waarom hulle in heiligmaking wil groei. “Beklee julle met die Here Jesus Christus” word op ander plekke “beklee julle met die nuwe mens” genoem (Efesiërs 4:24). Dus, Christene moet “nee” sê teen die goddeloosheid en die sondige wêreldse begeertes en in die teenswoordige wêreld besonne, regverdig en godvrugtig lewe, terwyl hulle die wag op die heerlike dag van die verskyning van “ons grote God en Verlosser, Jesus Christus” (Titus 2:12-13).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 13:1-14

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 13:1-14.

- 13:1. Onderwerp jouself aan elkeen van die sewe gesagsinstellings in die Bybel.
- 13:1-2. Daar is bose magte wat God nie ingestel het nie en waaraan Christene hulleself nie moet onderwerp nie. God laat hulle bestaan toe en verdra hulle mag oor bepaalde mense totdat Hy hulle uiteindelik vernietig (in die hel gooi). Byvoorbeeld, die hele wêreld (van ongelowiges, goddeloses en onregverdiges wat die God van die Bybel, Jesus Christus en Christene haat en teëstaan) is “in die mag van die duiwel” (1 Johannes 5:19; Johannes 12:31; 17:14-16). Ander voorbeelde is “die dier uit die see” wat Satan se antichristelike politieke magte verteenwoordig, “die dier uit die aarde” wat Satan se antichristelike godsdienste en filosofieë verteenwoordig en “die sedelose vrou, die Groot Babilon” wat Satan se antichristelike kultuur en moraliteit verteenwoordig (Openbaring 13; 17 en 19:19-20).
- 13:3. Wees nie bevrees vir mense met gesag nie. As jy vry van angs wil bly, doen dan wat reg is in die oë van God en in die oë van die gesagsdraers wat God ingestel het.
- 13:4. In bepaalde omstandighede het die owerheid van ’n land die reg om die swaard te hanteer, d.w.s., die doodstraf uit te oefen en om die land in tye van oorlog te verdedig. Nietemin, die rede om die swaard te hanteer mag nooit willekeurig wees nie en ook nooit die Woord van God oortree nie.
- 13:6-7. Betaal jou belasting en aksyns (tol) aan die owerheid. Toon respek en eer aan alle gesagsdraers (mense in leidende posisies).
- 13:8. Christene is verplig om in alle omstandighede hul “naaste”, d.w.s., die mens wat God op jou pad bring (Lukas 10:25-37), lief te hê.
- 13:9. Beskerm jou naaste altyd teen elke vorm van seksuele immoraliteit. Bevorder sy of haar liggaamlike, emosionele, sosiale, intellektuele en geestelike welsyn.
- 13:9. Beskerm die besittings van jou naaste. Waardeer sy verworwenheid en prestasies.
- 13:10. Doen jou naaste geen kwaad aan nie. Wees vriendelik en doen goed aan hom.
- 13:11. Wees elke dag waaksaam, omdat die wederkoms van Christus aangejaag kom en elke dag naderby kom.
- 13:12-13. Stop drinkery en uitspattigheid, ontug en onsedelikheid, rusie en jaloesie.
- 13:14. Beklee jou met die Here Jesus Christus en met die geregtigheid en heiligheid wat Hy in jou plek verwerf het en aan jou toereken. Gee geen aandag aan jou sondige natuur wat sondige begeertes in jou opwek nie.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 13:1-14.

As ’n Christen onderwerp ek my aan alle gesagsdraers in soverre hulle nie die bevel en onderrig in die Bybel oortree nie. Daarom betaal ek ook belasting en aksyns (tol) en respekteer ek die owerheid en leiers van die land.

Die Tien Gebooe is baie belangrik omdat hulle my leer hoe God wil dat eik leef en my naaste prakties liefhet. Ek vermy geleenthede om teen my naaste te sondig, maar soek voortdurend hoe ek my naaste lief moet hê en goed moet doen.

STAP 5. BID. REAKSIE
MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 13:1-14.
(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
----------	-------------------------	---

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 13:1-14 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Esegiël 2, 18, 33 en 34**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: **(16) Romeine 12:16**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.

5. Onderrig. Berei **die gelykenis van die “die talente”** in Matteus 25:14-30 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.